1.1.1 HonsBA (Vertaling)

Programkode

40169 – 778(120)

Spesifieke Toelatingsvereistes

- ’n Baccalaureusgraad met ’n taalvak tot op derdejaarsvlak geneem en geslaag met ’n prestasiepunt van minstens 60% of toelating deur middel van die EVL-proses.
- Jy moet ’n toelatingstoets slaag.
- ’n Deurslaggewende onderhoud kan ook met jou gevoer word.

Sluitingsdatum vir Aansoeke

- Suid-Afrikaanse studente:
  - Doen aansoek teen **31 Oktober** van die voorafgaande jaar en dien alle toepaslike ondersteunende dokumente in.
- Internasionale studente:
  - Doen aansoek teen **31 Augustus** van die voorafgaande jaar en dien alle toepaslike ondersteunende dokumente in.

Programstruktuur

Die hoofdoelstelling is om jou op te lei as ’n navorser in vertaling/tolking en redigering. ’n Verdere doelstelling is om jou op te lei as ’n taalpraktisyn in twee van die volgende tale: Afrikaans, Engels, ’n Afrikataal, Suid-Afrikaanse Gebaretaal, Chinees, Duits, Frans en Nederlands. Nie alle taalopsies word noodwendig elke jaar aangebied nie.

Hierdie program word aangebied deur middel van lesings.

Duur van Program

Die program strek oor een akademiese jaar. Lesings begin in die eerste week in Februarie.

Programinhoud

Verpligte modules

12784 : Navorsingswerkstuk (Vertaling)	774(30)
13873 : Redigeermetodiek en -praktyk	774(30)
13874 : Vertaalmetodiek en -praktyk	774(15)

plus

Kies **een** van die volgende teoriemodules.

13875 : Tolkteorie	774(30)
13876 : Vertaalteorie	774(30)

plus

Kies **een** van die volgende praktiese modules.

12575 : Tolking	773(15)
40169 : Vertaling	773(15)

Assessering en Eksaminering

In hierdie program word buigsame assessering gebruik. Jy word aan die begin van die jaar skriftelik ingelig oor die manier waarop jou prestasiepunt bereken word en jy ontvang deur die loop van die jaar gereeld terugvoering oor jou vordering.

Navrae

Programkoördineerder: Dr Amanda Lourens
Tel: 021 808 2160 E-pos: alourens@sun.ac.za

Webadres: http://www.sun.ac.za/afrikaans/faculty/arts/afrikaans-dutch